Pieter van der Walt

Ons is gestuurdes

Dr Pieter van der Walt is die koördineerder van die onafhanklike leesspanne van die *Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes.*

Baie gemeentes kom agter dat strategiese beplanningsprosesse nie werklik help om die gemeentekultuur betekenisvol te verander nie. Hoewel die ontwikkeling van nuwe strukture soms nodig is, gaan dit nie noodwendig die gemeente help om God beter te leer ken, te aanbid en te dien nie. Betekenisvolle verandering hang onder meer daarvan af of genoeg mense gesamentlik verstaan waarvoor gemeentes daar is.

Waarvoor is gemeentes daar? In 'n toespraak by die Sending jaarkongres in 1988 het David Bosch gesê die Christelike kerk is in sy wese "missionêr". Dit was volgens hom geen buitengewone verklaring nie. Wat wel buitengewoon was, het hy gesê, is dat dit die kerk soveel eeue geneem het om weer hiervan bewus te word.

... om God beter te leer ken, te aanbid en te dien ...

Om hierdie identiteit weer op te neem, is makliker gesê as gedoen. Westerlinge leef in 'n na-Christelike heidendom wat gebore is uit die Christendom en veel meer weerstand bied teen die evangelie as 'n voor-Christelike heidendom.

Bosch het gewys op *Gensichen* se vyf kenmerke van 'n gestuurde kerk. 'n Gestuurde kerk of gemeente is eerstens in staat om nie-lede welkom te laat voel en in die gemeente op te neem. Tweedens het die predikant nie die monopolie nie en lidmate is nie maar net voorwerpe van pastorale sorg nie. Derdens is 'n gemeente missionêr indien lidmate toegerus word om hulle oortuigings in hul daaglikse lewe in te dra. 'n Vierde kenmerk is dat so 'n gemeente struktureel plooibaar is, dus dat dit kan aanpas en verander na die eis van omstandighede. Laastens is 'n gemeente missionêr indien dit nie slegs die belange van 'n geselekteerde groep mense verteenwoordig en verdedig nie.

Sulke lysies is nie sonder waarde vir gemeentelike leiers wat in 'n holderstebolder omgewing beplan vir die gemeentebediening nie. Lede van die Noord-Amerikaanse beweging, The Gospel and our Cultures Network, het 'n ondersoek by gemeentes gedoen en ook so 'n lysie gemaak. Hulle het onlangs 'n boek die lig laat sien met die betekenisvolle titel: *Treasure in Clay Jars. Patterns in*

Missional Faithfulness. Hulle vra presies dieselfde vraag as David Bosch sestien jaar gelede: Watter soort kerk is 'n getroue getuie van die evangelie in die "na-Christelike", individualistiese, verbruikersgeoriënteerde, materialistiese Noord-Amerikaanse kultuur? Die sentrale metafoor waarmee hulle werk, is dié van die kerk as 'n: die gelowige gemeenskap leef 'n lewe van radikale dissipelskap en is 'n soort teenliggaam in die gemeenskap.

Onder die "Christendom" was die kerk 'n dominante instelling in die samelewing, gevestig in 'n Christelike staat. Nou moet die kerk weer die identiteit opneem van 'n aparte gemeenskap wat 'n alternatiewe storie beliggaam. Soos Hendrik Kraemer sou sê: Hoe meer gevestig en tuis die kerk in hierdie wêreld voel, hoe meer verkeer sy in dodelike gevaar om die sout te wees wat laf geword het.

... mense wat as dissipels deur die Bybel gevorm word.

A treasure in clay jars beskryf die volgende patrone in gemeentes se getrouheid aan hulle wesenlike roeping:

1 'n Gestuurde gemeente ontdek gesamentlik wat die **roeping van die gemeente** is. Voortdurend word die implikasies van die Woord deurdink vir die rol van die gemeente as geheel in haar spesifieke omgewing en tyd. Gemeentes pak gewoonlik heeltemal te veel dinge gelyk aan – ook dit pas by die gees van ons tyd. Hierdie proses van onderskeiding gaan onder andere oor die vraag na prioriteite. En hierdie vraag word deurlopend gevra in die lig van die besef dat die *missio Dei* (die missie van God) bepaal wat die gemeente se eie missie moet wees.

... maak tyd om werklik na mekaar te luister ...

2 'n Gestuurde gemeente is 'n gemeenskap van mense wat as dissipels **deur die Bybel gevorm word**. Hier gaan dit veral oor die manier waarop die Bybel ons vorm. Gewoonlik gebruik ons die Bybel op so 'n manier dat dit sê wat ons wil sê. Die Bybel word, getrou aan moderniteit, 'n werktuig waarmee ons iets doen of waaruit ons iets kan kry. Die vraag moet egter eerder wees: Hoe daag die Bybel my uit om my missie te laat vorm deur die *missio Dei*? Ons sal nie die roeping van die kerk ontdek as ons oortuig is dat ons reeds weet waaroor die evangelie gaan of as ons verwag om verbeter te word eerder as om verander te word nie.

3 'n Gestuurde gemeente neem **risiko's ter wille van die evangelie**. Hulle tree op teen die *"common sense"* van die samelewing, wat gewoonlik te doen het met die keuse om rykes te eer en met die waardes van sukses en individualisme, (wat selfs gemeentes met mekaar laat kompeteer). Dit is gewoonlik heelwat moeiliker om risiko's te neem ter wille van die evangelie as 'n mens in 'n sterk posisie is en mag het. Gestuurde gemeentes vra hulself af: Waar en hoe maak die heersende kultuur ons blind vir die evangelie?

4 'n Gestuurde gemeente is 'n gemeenskap van mense in wie se **gedrag teenoor mekaar die evangelie gesien** kan word. Hulle maak tyd om werklik na mekaar te luister te midde van swaar geskeduleerde lewens, hulle help mekaar in 'n kultuur wat sê "ek kan dit self doen" en hulle verdra me-kaar ten spyte van die laste wat dit mag meebring. Hulle steek ook die grense oor wat bestaan weens die anders-heid van ander mense. Om vreemde-

linge in hulle midde te verwelkom, is dus vir hulle baie belangrik.

5 'n Gestuurde gemeente verstaan haar **erediense as 'n publieke getuienis**. Ons ewige gestoei oor erediensstyl help ons net om die kernsaak van die erediens te vermy. Dit gaan vir ons om die aanlok en bevrediging van mense. So word aanbidding maar net aanbidding wat *gebruik* word, 'n instrument vir iets anders as wat aanbidding is. Die aanbidding van 'n gestuurde gemeente op God gerig is. Die liturgie is nie 'n private, interne aktiwiteit van godsdienstiges wat terugtrek uit die wêreld nie. Dit is 'n publieke getuienis. Die besoeker voel nie bedreig deur 'n eksklusiewe gemeenskap nie en kan aanvoel dat die gemeente ernstig is oor hulle belydenis.

6 'n Gestuurde gemeente is **afhanklik van die Heilige Gees**. Die beeld van die kleipotte in 2 Kor 4:7 wil juis ons broosheid en afhanklikheid van God aandui. Hierdie afhanklikheid word onder meer gesien in die gemeente se gesamentlike gebed. Om te bid: "Laat u wil geskied" is om onsself te onderwerp aan God en te leer wat sy wil is, nie om te dink ons gaan kry wat ons wil hê nie. Volgens Luther was die probleem met die pous sowel as die entoesiaste dat hulle gedink het hulle het die Heilige Gees "vere en al" ingesluk. Die kerk is 'n gemeenskap van mense wat God se wil *soek* en nie veronderstel dat hulle dit *het* nie.

... mense wat as dissipels deur die Bybel gevorm word.

7 'n Gestuurde gemeente verstaan dat hulle 'n **instrument en teken van die koninkryk van God** is. Hulle weet die kerk is nie die koninkryk van God nie. Hulle weet dat hulle bestaan en werk heenwys na die koninkryk van God, maar hulle is bewus van hulle sondigheid en swakheid, hulle afhanklikheid van die genade van God en hulle noodsaak om voortdurend tot bekering te kom.

8 'n Gestuurde gemeente staan onder die **gestuurde gesag** van 'n gemeenskap met 'n verskeidenheid leiers. Hierdie leiers probeer gesamentlik die gemeente se roeping ontdek in 'n voortgaande proses van geestelike onderskeiding. Anders as by wêreldse leierskap, gaan dit hier oor die onderwerping aan God se gesag en nie oor die en of ander sosiale kontrak tussen mense nie.

Ons het al geleer dat modelle en programme ons nie regtig in die kerk gaan help met betekenisvolle verandering nie. Wie in hierdie boek 'n instrument soek wat ons opnuut "relevant" moet laat word, gaan teleurgesteld wees. Die waarde van 'n boek soos *Treasure in Clay Jars* is geleë in die begeleiding wat dit aan gemeentes kan bied wat opnuut hulle roeping wil ontdek. Dit wil ons help om te dink oor hoe ons kultuur ons blind maak vir die evangelie. Watter van ons gemeentepraktyke daardeur gekritiseer word, sal ons in 'n proses van geestelike onderskeiding, getrou aan ons eie tradisie, in die lig van die Bybel moet gaan uitmaak.